



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT PERSONEELBESTUUR N5

(4110435)

**7 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

188Q1B2007

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELBESTUUR N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING




1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
 2. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.
 3. Lees al die vrae aandagtig deur.
 4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 7. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord albei vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1




Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1-1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

- 1.1 Personeelnavorsing gebruik inligting wat verkry is om mense doeltreffend te bestuur.
- 1.2 'n Opname staan ook bekend as veldstudies. 
- 1.3 Sifting skakel aansoekers uit wie se kenmerke nie by die minimum vereistes van die pos pas nie.
- 1.4 Plasing stel organisasies in staat om hul doelwitte te bereik.
- 1.5 Posevaluasie is die bepaling van 'n pos se relatiewe waarde ten opsigte van werwing. 
- 1.6 Die proses wat die ontvangs en verwelkoming van werknemers behels wanneer hulle aanvanklik by die organisasie begin, word sifting genoem.
- 1.7 Die ontmoetingstadium begin wanneer die werknemer die werkaanbod aanvaar.
- 1.8 Assesseringsentra is ontwikkel om bestuur talent te identifiseer.
- 1.9 Kommissie is 'n weeklikse betaling. 
- 1.10 Die doel van werwing is om individuele bevoegdhede by organisasievereistes te laat pas.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-K) langs die vraagnommer (2.1-2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die sistematiese insameling en interpretasie van inligting	A	gevallestudies
2.2	Mondelinge of skriftelike beskrywing van 'n lewensgetroue situasie 	B	werkafwesigheid
2.3	Moet meet wat dit veronderstel is om te meet	C	werktevredenheid
2.4	Algemene houding van 'n individuele werknemer teenoor sy of haar pos	D	demosie
2.5	Vind plaas wanneer 'n werknemer potensiaal toon om verantwoordelikheid te aanvaar	E	verplasing
2.6	Dit verwys na afwesigheid sonder verlof	F	paneelonderhoud
2.7	Werknemer beweeg horisontaal na 'n ander departement of pos	G	navorsing
2.8	Verlies aan verantwoordelikheid, status en vergoeding 	H	aanlegtoets 
2.9	Gedoen deur drie tot vyf ondervraers	I	posverryking
2.10	Dit verwys na 'n persoon se vermoë om 'n taak te verrig	J	geldigheid
		K	keurraad

(10 × 2)

[20]**TOTAAL AFDELING A:****40**



AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 3

Solomon Rachoene is die algemene bestuurder van die Lengana Supermark in Seshego. Hy weet wat die belang is van die oorkoepelende proses ten opsigte van die werwing, kortlysplasing, werwing en aanstelling van geskikte kandidate vir die pos binne die organisasie.


Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot werwing:

- | | | | |
|-----|---|---------|------|
| 3.1 | Noem die VYF oogmerke van werwing.  | (5 × 2) | (10) |
| 3.2 | Noem VYF aspekte wat Solomon moet insluit by die werwingsbeleid om te verseker dat die proses billik is. | (5 × 2) | (10) |
| 3.3 | Noem VIER redes waarom bestuur eerder nie interne werwingsbronne moet gebruik nie. | (4 × 2) | (8) |
| 3.4 | Noem VYF eksterne werwingsbronne. | (6 × 1) | (6) |
| 3.5 | Noem die DRIE oogmerke van werwingsreklame.  | (3 × 2) | (6) |
- [40]**

VRAAG 4



Nadat die keurkomitee verskeie aansoeke ontvang het, sal hulle 'n kortlys van potensiële kandidate opstel waarna hulle met die werwingsproses sal begin.

Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot werwing:



- | | | | |
|-----|---|----------|------|
| 4.1 | Noem VYF interne werwingsfaktore. | (5 × 1) | (5) |
| 4.2 | Noem en verduidelik SES onderhoudtegnieke waarvan die keurkomitee gebruik kan maak. | (6 × 2) | (12) |
| 4.3 | Voorsien die keurkomitee van 10 riglyne om doeltreffende onderhoude te voer.  | (10 × 2) | (20) |
| 4.4 | Noem DRIE redes waarom die potensiële van aansoekers getoets moet word as deel van die werwingsproses. | (3 × 1) | (3) |
- [40]**

VRAAG 5



- 5.1

Voor prestasie-evaluasiesistels ingestel kan word, moet daar 'n duidelike ooreenkoms tussen werknemers en bestuur wees oor die oogmerke van evaluasie. Die bestuur van werknemers se prestasie is 'n sleutelverantwoordelikheid van bestuur.
--
- 5.1.1 Noem die VYF stappe in die prestasie-evaluasieproses.  (5 × 1) (5)
- 5.1.2 Noem 10 potensiële slaggate van prestasie-evaluasie.  (10 × 1) (10)
- 5.1.3 Noem en verduidelik VYF verskillende benaderings tot prestasie-evaluasie. (5 × 2) (10)
- 5.2 Noem VYF beperkings van posevaluasie. (5 × 1) (5)
- 5.3 Onderskei tussen *salaries* en *netto besoldiging* ('*take-home pay*'). (2 × 2) (4)
- 5.4 Noem die faktore wat die bekendstelling van byvoordele beïnvloed. (6 × 1) (6)
- [40]**

VRAAG 6

- 6.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme:
- 6.1.1 Induksie 
- 6.1.2 Bestuur van belonings
- 6.1.3 Diensbeëindiging
- 6.1.4 Werktevredenheid
- 6.1.5 Taakwisseling (5 × 5) (25)
- 6.2 Werktevredenheid word nie gewaarborg nie, maar dit is waarskynliker dat dit op 'n hoë vlak sal wees, indien dit deur sekere faktore beïnvloed word. Noem SES van hierdie faktore. (6 × 2) (12)
- 6.3 Noem DRIE redes waarom posverryking in 'n maatskappy toegepas moet word.  (3 × 1) (3)
- [40]**

VRAAG 7

7.1	Verskillende faktore stel gesondheid en veiligheid in die werkplek in gevaar. Noem 10 faktore wat die veiligheid van werkers in gevaar kan stel.	(10 × 1)	(10)
7.2	Noem VYF faktore wat werkafwesigheid veroorsaak.	 (5 × 1)	(5)
7.3	Noem VIER faktore wat personeelomset veroorsaak.	(4 × 1)	(4)
7.4	Noem VYF metodes om werkafwesigheid in die werkplek te bowe te kom.	(5 × 1)	(5)
7.5	Som die verskille tussen <i>indiensopleiding</i> en <i>buite-opleiding</i> op.	(6 × 2)	(12)
7.6	Definieer die term <i>loopbaanontwikkeling</i> .	(2 × 1)	(2)
7.7	Definieer die term <i>opleiding</i> .	 (2 × 1)	(2)
			[40]
TOTAAL AFDELING B:			160
GROOTTOTAAL:			200